

Is dit sinvol om so besig te wees?

As dit voel of jy te veel verantwoordelikhede het en jou dagboek jou 'n knop op jou maag gee, skep moed, want daar is hulp vir jou in die Skrif. Daar is hulp in 'n paar woorde uit Mat 14:22: "*Jesus het die mense huis toe laat gaan.*"

Dit was nie sommer enige klomp mense nie. Dit was 10,000 mense wat Jesus hoor preek het, gesien het hoe Hy siekes genees en pas gesien het hoedat Hy genoeg kos aan almal van hulle kon voorsien, op wonderbaarlike wyse. Dit was mense wat gereed was om Hom 'n koning te maak. Waarom stuur Hy hulle weg? Ons lees in vers 23: "***Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid***"

Jesus het nee gesê vir 'n uitsonderlike goeie geleentheid, ten einde ja te sê vir 'n selfs beter een. Dit was 'n doelbewuste keuse baseer op sy prioriteite. Jesus se hoogste prioriteit was nie teenoor 'n skare volgelingen nie, maar teenoor sy hemelse Vader.

Dis alles 'n kwessie van wat die belangrikste is! Dis 'n vraag oor fokus. Jy kan die beste geleentheid prioritiseer, *selfs al beteken dit om soms uitstekende geleentheid te laat vaar.*

Ons kan sonder prioriteite lewe, of ons kan, wanneer nodig, ons vaardighede en kundigheid onder beheer bring van 'n gehoorsaamheid aan Christus en geseënd wees as ons fokus op God se doel met ons lewe en talente. En dan kan ons die teiken tref vir God se plan met ons lewens.

Jesus het die skares wat na sy preke kom luister het en na sy bediening toe gekom, *nie elke keer weggestuur* nie. Die meeste van die tyd het Hy dit nie gedoen nie.

Maar Hy het hulle wel weggestuur as Hy iets belangriker gehad het om te doen - soos om kwaliteit tyd met sy Hemelse Vader te bestee.

Hoe bring die prioriteit wat jy vir vandag, of hierdie week en naweek gekies het, jou nader aan God se plan met jou lewe?